ons hand in
LANDBOU

tussentydse resultate

31 Oktober 2016

Senwes

SENWES BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate van Senwes Beperk (die "maatskappy") vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2016 sluit in die maatskappy, al sy filiale en gesamentlik beheerde ondernemings (gesamentlik na verwys as die "groep").

Die Senwes Beperk verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate, insluitend die staat van finansiële posisie, staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en kontantvloeistaat vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2016, word voorberei ooreenkomstig die vereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ((International Financial Reporting Standards (IFRS)) en die interpretasies soos aanvaar deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarde Raad (International Accounting Standards Board), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters ((South African Institute of Chartered Accountants) (SAICA)), Finansiële Rapporteringsriglyne (Financial Reporting Guides) soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Komitee (Accounting Practices Committee), finansiële uitdrukkings soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarderaad (Financial Reporting Standards Council), die voorleggingsvereistes van IAS 34 Interim Finansiële Verslagdoening en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 71 van 2008.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van hierdie verkorte tussentydse resultate is ooreenkomstig IFRS en is konsekwent met die rekeningkundige beleide wat toegepas is in die voorbereiding van die groep se vorige geouditeerde jaarstate.

Hierdie tussentydse resultate is nie geouditeer en 'n onafhanklike oorsig is nie gedoen deur die groep se eksterne ouditeure nie. Die tussentydse verkorte finansiële state sluit nie alle inligting en openbaarmaking in soos vereis in die jaarlikse finansiële state nie en moet gelees word in samehang met die groep se jaarlikse finansiële state soos op 30 April 2016.

Alle bates en laste gemeet teen billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse in 'n aktiewe mark en is derhalwe openbaar as vlak 1. Daar was geen verandering in vlakke en geen nuwe items is bygevoeg sedert die jaarlikse finansiële state van 30 April 2016 nie.

Alle bedrae hou verband met die groep se resultate, tensy anders aangedui.

Die direkteure van die groep neem volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van hierdie verslag.

Die groep se resultate is onder toesig van die Groep Hoof Finansiële Beampte, CF Kruger GR (SA), voorberei.

Die resultate is op 6 Desember 2016 gepubliseer.

INHOUDSOPGAWE

4 Finansiële hooftrekke
5 Besigheidsoorsig
8 Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste
9 Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie
10 Verkorte gekonsolideerde kontantvloeistaat
10 Verkorte gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit
11 Aantekeninge tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state
14 Kennisgewing in terme van Artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, 2008

FINANSIËLE hooftrekke

Genormaliseerde wesensverdienste (sent/aandeel)



Omset (R'm)



Wins voor rente en belasting (EBIT) (R'm)
(Voortgesette bedrywe)



Eiekapitaalverhouding (%)
(ekwiteit/totale bates)



Wins na belasting (R'm)



Opbrengs op ekwiteit (%)
(vir 6 maande)



BESIGHEIDSOORSIG

Oorsig

Die landboutoestande vir die eerste ses maande van die 2017 finansiële jaar was erg gestrem met die droogtesiklus wat nou ten volle op die maatskappy impakteer.

Senwes se resultaat is negatief hierdeur beïnvloed maar, ten spyte hiervan, is resultate wat die siklus uitpresteer steeds afgelewer. 'n Wins na belasting van R91 miljoen is behaal, teenoor R103 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Genormaliseerde wesensverdienste het met 3,5 sent per aandeel afgeneem, 6,1% laer as die vergelykende periode se 57,4 sent per aandeel, terwyl bedryfswins met 8,7% afgeneem het.

Die groep het egter sy momentum m.b.t. die opgraderingsprogram behou en verdere kapitaalspandering op die meganisasie-, kleinhandels- en graanbesigheid van R57,5 miljoen is gedurende die eerste ses maande van die finansiële jaar aangegaan.

Ten spyte van laer ekonomiese aktiwiteite het die balansstaat steeds gegroei, veral weens 'n abnormale styging in kommoditeitspryse (graanvoorraad), later terugbetaling deur kliënte (debiteure) weens die laat en kleiner oes, sowel as die handhawing van die kapitaalprogram (vaste bates). Debiteure en voorraad word op 'n deurlopende basis geëvalueer en die nodige waardedalings is geneem. Die groei in bates het bygedra tot 'n groei in rentedraende korttermynlenings.

Positiewe kontantvloei van R56 miljoen is uit bedryfsaktiwiteite gegenereer na die betaling van die finale dividende van R35 miljoen vir die 2016 finansiële jaar, sowel as rente van R101 miljoen.

Die eiekapitaalverhouding van 39% is steeds binne die kapitaalhandhawingsriglyne terwyl die rentedekking van 2,6 keer die teiken van 2,5 oorskry, ten spyte van die afname in die resultaat en die toename in finansieringskoste.

Bedryfsoorsig

MARKTOEGANG

Laer volumes het 'n direkte impak op die inkomstestrome van die silobedryf gehad met die laagste graaninname- en voorraadvlakke sedert die 1991/92 bemarkingsjaar. Ten spyte van die laer oes en sterker mededinging het die silobedryf daarin geslaag om hulle

markaandeel te verhoog en die kapitaalprogramme wat gefokus was op groter effektiwiteit en innamespoed, begin vrugte afwerp.

Tradevantage, Senwes se graanbemarkingsafdeling, het 'n uitdagende eerste ses maande beleef en die groot onsekerheid in die bedryf oor fisiese voorraad bring heelwat uitdagings om graan ekonomies vorentoe te dra ten einde lewerings vir die toekomsmaande aan die mark te verseker.

Die segment lewer 'n wins voor belasting van R57 miljoen wat R41 miljoen laer is as die vergelykende periode. Hierdie resultaat uitpresteer die laer volumes en groter marges kan in die proses ontsluit word.

INSETVERSKAFFING EN MEGANISASIE

Die meganisasieafdeling se resultate is beter as verwag ten spyte van die laer spandering ten opsigte van landboutoerusting deur die produsent. Die beter as verwagte resultaat kan toegeskryf word aan 'n hoër markaandeel in 'n kleiner mark sowel as die handhawing van verkoopsmarges. Die groter vraag na gebruikte heelwerktuie het die resultaat positief beïnvloed en verseker dat voorraad binne redelike vlakke bly.

Hinterland se verkope is onder druk en op laer vlakke as die vergelykende periode van die vorige finansiële jaar. Weens die lae en laat reënval is produsente huiwerig om insetmiddele vooraf aan te skaf. Heelparty produsente het weens die afskaling in die vorige jaar steeds insetmiddele van daardie seisoen beskikbaar en sal dit eers aanwend alvorens verdere eksterne aankope van insetmiddele oorweeg sal word. Die trae ekonomiese groei het verder 'n negatiewe impak op die kleinhandelsbesigheid en die bestuur van stadigbewegende en verouderde voorraad bly 'n fokusarea vir bestuur.

Prodist, die groothandelsbesigheid, het 'n toename in omset van 9,3% getoon ten spyte van die stram ekonomiese omstandighede en het sy mark verder uitgebrei binne en buite die landbousektor.

Die segment lewer 'n wins voor belasting van R31 miljoen wat met 24% toegeneem het, gemeet teenoor die vergelykende periode van die vorige jaar.

FINANSIËLE DIENSTE

Ten spyte van die droogte sowel as 'n sterk afname in kommoditeitspryse sedert oesinname, was die uitstaande 2016 somerproduksiekredietrekeninge slegs 7,4% agterstallig op 31 Oktober 2016 teenoor 7,5% vir die vergelykende periode van die vorige jaar. Sen-

wes Credit kon sekere kliënte se agterstallige krediet betyds herskeduleer, maar moes ook noodgedwonge die lewering van krediet aan sommige kliënte onttrek en is in die proses om rekeninge op te roep en uit te win. Die boek word egter ondersteun deur goeie sekuriteit, sterk balansstate en probleemgevalle is goed versekureer.

Die versekeringsbesigheid, Certisure, kon daarin slaag om premievlakke te handhaaf, ongeag die uitdagende omstandighede. Die segment lewer 'n wins voor belasting van R69 miljoen wat 40,8% hoër is as die vergelykende periode.

Vooruitsigte

'n Goeie tot normale reënvalseisoen word steeds voorspel vir die volgende ses maande en sou dit realiseer, is goeie tot bo-normale aanplantings in die vooruitsig. Dit sal egter eers die 2018 finansiële jaar positief beïnvloed terwyl die groep die volgende ses maande steeds lae aktiwiteite en die hoë risiko omgewing sal moet deursien.

Verwagte stygings in brandstofpryse, die effek van die VSA-verkiesing op die wisselkoers, ons eie onstabiele politieke arena en die verhoging van rentekoerse net voor die nuwe aanplantingseisoen kan verdere druk op produsente plaas, veral as die kommoditeitsprys sy dalende tendens voortsit na die nuwe seisoen.

Senwes sal omsigtig wees in die uitrol van sy strategie en sal, sodra 'n goeie seisoen bevestig word, weer met ywer sy strategiese ontplooiing voortsit.

Dividendverklaring

Die raad van direkteure het besluit om die oorweging van 'n interim dividend uit te stel na Maart 2017 ten einde eers groter sekerheid te verkry oor die huidige seisoen se potensiaal.

Op las van die raad van direkteure.

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Groep Hoof
Uitvoerende Beampte

CF Kruger
Groep Hoof
Finansiële Beampte

Klerksdorp
6 Desember 2016

Verkorte gekonsolideerde staat van **OMVATTENDE INKOMSTE**

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2016 Onge-ouditeer R'm	2015 Onge-ouditeer R'm	**2016 Ge-ouditeer R'm**
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	**5 727**	4 587	9 228
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	**262**	239	412
Depresiasie en amortisasie	**(22)**	(22)	(39)
Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)	**240**	217	373
Finansieringskoste	**(101)**	(85)	(164)
Wins na finansieringskoste	**139**	132	209
(Verlies)/wins van gesamentlike ondernemings	**(7)**	2	(12)
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	**132**	134	197
Belasting	**(41)**	(37)	(60)
Wins vir die jaar na belasting uit voortgesette bedrywighede	**91**	97	137
Wins na belasting van beëindigde bedrywighede	**-**	6	19
Wins vir die jaar	**91**	103	156
Ander omvattende inkomste herklassifiseerbaar na wins of verlies, na belasting			
Valutaverskil op die omrekening van buitelandse bedrywighede	**-**	1	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**91**	104	156
Wins toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**90**	102	153
Nie-beherende belang	**1**	1	3
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**90**	103	153
Nie-beherende belang	**1**	1	3
Verdienste en genormaliseerde wesensverdienste			
Verdienste per staat van omvattende inkomste	**90**	102	153
Aanpassings:			
Verlies/(wins) op buitelandse valuta	**1**	-	(2)
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	-	(2)
Wins met verkoop van beskikbare finansiële bates	**-**	-	(1)
Terugskrywing van waardedaling op beleggings en lenings	**-**	(5)	(14)
Genormaliseerde wesensverdienste	**91**	97	134
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)	**168 885**	168 885	168 885
Verdienste per aandeel (sent)	**53,4**	60,9	90,6
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**53,9**	57,4	79,3
Dividend per aandeel			
Dividende (sent)	**-**	25,0	45,0
Interim dividend	**-**	25,0	25,0
Finale dividend	**-**	-	20,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 139,8**	1 093,8	1 103,1

Verkorte gekonsolideerde staat van **FINANSIËLE POSISIE**

	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2016 Onge-ouditeer R'm	2015 Onge-ouditeer R'm	**2016 Ge-ouditeer R'm**
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**437**	347	403
Belegging in gesamentlike ondernemings	**213**	216	226
Ander finansiële bates	**29**	4	4
Lenings en bedrae ontvangbaar	**937**	750	888
Uitgestelde belastingbate	**13**	5	24
Totale nie-bedryfsbates	**1 629**	1 322	1 545
Bedryfsbates			
Voorraad	**917**	827	536
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**1 947**	1 691	2 175
Ander lenings ontvangbaar	**51**	49	32
Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis	**338**	211	250
Afgeleide finansiële instrumente	**130**	20	87
Kontant- en korttermyndeposito's	**6**	87	35
Totale bedryfsbates	**3 389**	2 885	3 115
TOTALE BATES	**5 018**	4 207	4 660
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Tesourie-aandele	**(126)**	(126)	(126)
Reserwes	**27**	12	20
Behoue inkomste	**1 956**	1 893	1 901
Eie ekwiteit	**1 925**	1 847	1 863
Nie-beherende belang	**19**	17	19
Totale ekwiteit	**1 944**	1 864	1 882
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende lenings	**1 002**	1 002	1 002
Totale nie-bedryfslaste	**1 002**	1 002	1 002
Bedryfslaste			
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**806**	675	498
Rentedraende lenings	**1 121**	613	1 160
Afgeleide finansiële instrumente	**60**	49	58
Ander lenings betaalbaar	**53**	2	41
Belasting betaalbaar	**14**	-	2
Voorsienings	**18**	2	17
Totale bedryfslaste	**2 072**	1 341	1 776
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**5 018**	4 207	4 660

Verkorte gekonsolideerde **KONTANTVLOEISTAAT**

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2016 Ongeouditeer R'm	2015 Ongeouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	**265**	252	500
Belasting betaal	**(18)**	(38)	(66)
Finansieringskoste betaal	**(101)**	(85)	(164)
Dividende betaal	**(35)**	(45)	(89)
Verandering in bedryfskapitaal	**(55)**	103	(17)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**56**	187	164
Netto kontantvloei gebruik deur beleggingsaktiwiteite	**(85)**	(113)	(142)
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**(29)**	74	22
Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit finansieringsaktiwiteite	**-**	-	-
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	**(29)**	74	22
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**35**	13	13
Kontant en kontantekwivalente - einde van die tydperk	**6**	87	35

Verkorte gekonsolideerde staat van **VERANDERING IN EKWITEIT**

Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2016

	Uitgereikte aandelekapitaal en premie R'm	Tesourieaandele R'm	Behoue inkomste R'm	Ander reserwes R'm	Nie-beherende belang R'm	Totaal R'm
Saldo op 30 April 2016 (Geouditeer)	**68**	**(126)**	**1 901**	**20**	**19**	**1 882**
Wins vir die tydperk	-	-	90	-	1	91
Dividende betaal	-	-	(35)	-	(1)	(36)
Ekwiteitvereffende aandeelgebaseerde betalingskema	-	-	-	7	-	7
Saldo op 31 Oktober 2016 (Ongeouditeer)	**68**	**(126)**	**1 956**	**27**	**19**	**1 944**
Saldo op 30 April 2015 (Geouditeer)	**68**	**(126)**	**1 836**	**3**	**17**	**1 798**
Wins vir die tydperk	-	-	102	-	1	103
Ander omvattende inkomste	-	-	-	1	-	1
Dividende betaal	-	-	(45)	-	(1)	(46)
Ekwiteitvereffende aandeelgebaseerde betalingskema	-	-	-	8	-	8
Saldo op 31 Oktober 2015 (Ongeouditeer)	**68**	**(126)**	**1 893**	**12**	**17**	**1 864**

AANTEKENINGE

1. VERWANTEPARTYTRANSAKSIES

1.1 Senwesbel Bpk. ("Senwesbel")

Dividende van R18,9 miljoen is aan Senwesbel betaal.

1.2 Handelsdebiteure - Direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekeninge sowel as ander rekeninge waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die maatskappy.

Op 31 Oktober 2016 het die direkteure die groep R77,5 miljoen op bogenoemde rekeninge geskuld. Sekuriteit is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

2. NUWE BESIGHEID

2.1 Besigheidsamevoeging: Agrico (Edms) Bpk

Aangesien Agrico (Edms) Bpk effektief sy John Deere agentskap ontbind het, het Senwes Equipment die geleentheid gebruik om twee takke van Agrico (Edms) Beperk, naamlik Agrico Aliwal Noord en Agrico Ugie op 1 Augustus 2016 te koop. JD Implemente (Edms) Beperk het terselfdertyd Agrico George vanaf Agrico (Edms) Beperk bekom.

Billike waarde van bates en laste verkry

	Senwes Bpk	JD Implemente (Edms) Bpk
	R'm	R'm
Eiendom, aanleg en toerusting	6	1
Voorraad	7	8
Totale identifiseerbare bates	**13**	**9**
Klandisiewaarde	4	2
Koopsom oorgedra	**17**	**11**

Die netto bates erken in die 31 Oktober 2016 tussentydse finansiële state is gebaseer op 'n voorlopige aanslag terwyl die groep bepaal of daar enige verdere afsonderlike identifiseerbare bates en/of laste is.

3. BEDRYFSEGMENTE

Inligting rakende rapporteerbare segmente	SEGMENTINKOMSTE		
	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2016 Onge-ouditeer R'm	2015 Onge-ouditeer R'm	**2016 Ge-ouditeer R'm**
Finansiële dienste (Senwes Credit & Certisure groep)	**145**	106	230
Finansieringsinkomste	**136**	101	224
Bedryfsaktiwiteite	**9**	5	6
Finansieringskoste	**-**	-	-
Wins uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Insetverskaffing (Senwes Equipment & Hinterland groep)	**753**	731	1 429
Inkomste vir die verkoop van goedere en dienste gelewer	**776**	814	1 447
Intragroepverkope	**(23)**	(83)	(18)
Finansieringskoste	**-**	-	-
Verlies uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Marktoegang (Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes)	**4 766**	3 700	7 468
Inkomste van kommoditeitsverhandeling, verkoop van goedere en dienste gelewer	**7 956**	5 799	12 401
Intragroepverkope	**(3 190)**	(2 099)	(4 933)
Finansieringskoste	**-**	-	-
Wins uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Normale bedryfsaktiwiteite	**5 664**	4 537	9 127
Korporatief	**63**	50	101
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	**5 727**	4 587	9 228
Wins voor belasting van voortgesette en beëindigde bedrywe			
Belasting			
Wins vir die tydperk van voortgesette en beëindigde bedrywe			
Wins na belasting van beëindigde bedrywe			
Marktoegang			
Wins na belasting uit voortgesette bedrywe			

4. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande geëindig 31 Oktober 2016 het die groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R57,5 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R0,6 miljoen is vervreem gedurende dieselfde tydperk.

5. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R25,7 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R6,6 miljoen gemagtig is deur die direksie maar nog nie gekontrakteer is nie.

SEGMENTRESULTATE		
6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
2016 Onge-ouditeer R'm	2015 Onge-ouditeer R'm	2016 Ge-ouditeer R'm
69	49	74
136	101	224
(10)	(14)	(66)
(60)	(42)	(92)
3	4	8
31	25	5
49	37	46
-	-	-
(7)	(9)	(18)
(11)	(3)	(23)
57	98	181
76	123	218
-	-	-
(20)	(26)	(40)
1	1	3
157	172	260
(25)	(32)	(47)
-	-	-
132	140	213
(41)	(37)	(57)
91	103	156
-	(6)	(19)
-	(6)	(19)
91	97	137

Op las van die raad van direkteure.

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Groep Hoof
Uitvoerende Beampte

CF Kruger
Groep Hoof
Finansiële Beampte

Klerksdorp
6 Desember 2016

KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 44 & 45 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008

Op 26 Augustus 2016 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiële bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes van Senwes in terme van artikel 44 & 45 van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

Maatskappy	R'm
Prodist (Lening)	30
Tradevantage (Belegging)	1
Senwes Share Scheme (Toekenning)	27
Nautilus Hedge Fund (Belegging)	25
JDI (Lening)	17
Senwes Graanmakelaars (Lening)	10

DIREKTEURE

JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), JBH Botha, AJ Kruger, CF Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte)*, NDP Liebenberg, J Maswanganyi (Groep Uitvoerende Beampte)*, JJ Minnaar, SM Mohapi, AK Olivier **, TF van Rooyen, WH van Zyl, AG Waller.
EM Joynt (Maatskappysekretaris) * Uitvoerend ** Alternatief

Korporatiewe inligting

NAVRAE OOR HIERDIE VERSLAG
Corné Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte)
Telefoon: 018 464 7476
E-pos: corne.kruger@senwes.co.za

SENWES BPK
Registrasienommer: 1997/005336/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228
E-pos: info@senwes.co.za

ETIEK-HULPLYN
080 464 7800

BELEGGERVERHOUDINGE
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

OUDITEUR
Ernst & Young Ing.
Privaatsak X14
Sandton
2146

FINANSIERINGSVENNOTE
Absa
Nedbank
Rand Merchant Bank
WesBank